

Menseregte

Waardes vervat in die Grondwet

Dit is van uiterste belang dat u verstaan dat die waardes, soos in die Grondwet verskans, die hoogste (en dus belangrikste) waardes in Suid-Afrika is. U (alle Suid-Afrikaners) het 'n aktiewe plig om die waardes in die Grondwet uit te leef en te verwesenlik. Hierdie plig is nie beperk tot die regering en regslui nie.

Menswaardigheid as kernwaarde

Die gevolg hiervan is dat 'n waarde of beginsel soos menswaardigheid *nooit* aangetas mag word nie. Wat hieruit volg is dat niemand ooit kan toestem tot aantasting van sy/haar menswaardigheid nie. Toestemming in hierdie konteks is dus 'n mite en dit is baie belangrik dat u dit begryp in die konteks van hierdie dokument. Menswaardigheid is die kernwaarde waarvolgens enige en alle optrede gemeet moet word. Met ander woorde: is my optrede menswaardig teen oor ander en verder meer word alle persone op 'n menswaardige gelei om deel te vorm van die NWU as geheel.

Trefwydte

Die inhoud van hierdie dokument, alhoewel geskryf en opgestel vir die studente en spesifiek die hiërargiese verhoudings wat daarmee gepaard gaan, is van toepassing op alle studente en werknemers van die NWU. Die bepalings van die Grondwet is immers oral van toepassing en kan nie beperk word tot sekere individue of situasies nie.

Toepassing

Dit is van uiterste belang dat u besef dat die inhoud van hierdie dokument nie net toepassing vind waar u fisies met 'n persoon werk nie. Alle inligting hierin vervat vind ook neerslag op enige vorm van sosiale media. U kan dus verantwoordbaar gehou word vir enige opmerkings wat u op *Facebook*, *Twitter*, *Instagram* ensovoorts maak. Dink dus sorgvuldig na voordat u hierdie platforms gebruik om 'n opinie te stel, 'n opmerking te maak, of kommentaar lewer. Selfs al bedoel u dit in 'n ligsinnige luim.

Inleiding

As Suid-Afrikaners deel ons almal in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Grondwet) en sy waardes. Nie alleen hou ons by die waardes nie, maar ons vertrou ook op die waardes vergestalt in die Grondwet. Hierdie gedeelde lojaliteit is die ideale wegspringplek vir so 'n diverse konteks as 'n universiteit, of in terme van die relevansie van hierdie gids, die NWU-gemeenskap. Hierdie gids neem die drie Grondwetlike

waardes, naamlik menswaardigheid, vryheid en gelykheid, en koppel elkeen van hierdie menseregte aan 'n spesifieke waarde. Dit maak menseregte prakties uitvoerbaar en makliker om te verstaan. Die doel van hierdie gids is om jou te voorsien van genoeg verduidelikings en voorbeelde om menseregte beter te kan verstaan. Ek en jy moet albei agente vir verandering wees in Suid-Afrika, en streef na die daarstelling van 'n menseregtekultuur, deur die bevordering van respek en deur ander in te lig oor menseregte. Hierdie gids poog om jou te voorsien van die nodige inligting om dit te kan doen.

Waar kom menseregte vandaan? 'n Kort oorsig.

Menseregte is aanvanklik na verwys as "the rights of man" tot en met die middel van die 20ste eeu, toe Eleanor Roosevelt begin het om die term "menseregte" meer bekend te maak. Roosevelt het, deur haar werk by die Verenigde Nasies, probeer oordra dat die term "the rights of man" deur baie gesien is as net toepaslik op mans, en daarom het sy die term "menseregte" begin propageer, omdat dit meer geslagsgelyk was. Menseregte was nie bedoel om eksklusief te wees tot 'n sekere klas of groep mense nie (Mabungizi, 2004). Dus, as mens praat van menseregte, moet dit in die algemeen verstaan word as:

The rights belonging to an individual as a consequence of being a human being and for no other reason. (Die regte wat aan 'n individu behoort omdat hy/sy menslik is, en om geen ander rede nie.)

Menseregte is regte wat enige en elke menslike wese besit, bloot deur mens te wees. Dit beteken dat hierdie regte nie opgegee of vervreem kan word nie.

Wat is menseregte?

Die Grondwet bestaan uit 243 artikels wat in 14 hoofstukke opgedeel is. Die tweede hoofstuk van die Grondwet, die Handves van Menseregte, bevat 'n lys van menseregte. Die Handves bestaan uit 'n totaal van 27 artikels, wat elk 'n aparte reg van Suid-Afrikaanse burgers beskryf. As mens kyk na hierdie omvang, kan mens sien dat sekere regte meer relevant is as ander. Daarom sal ons net aandag gee aan daardie regte wat relevant is vir die NWU-gemeenskap (personeel, studente en belanghebbers) vir die doeleindes van hierdie dokument.

Artikels 9 tot 14 waarborg die regte tot gelykheid, menswaardigheid, lewe, vryheid en veiligheid van die persoon, sowel as die reg op privaatheid. Die tradisionele vryheidsregte word gevind in artikels 15, 16, 17, 18, 21 en 22 waar vryheid van geloof, spraak, assosiasie, beweging en vryheid van profesie gewaarborg word. Artikel 24 gee aan elkeen die reg tot 'n omgewing wat nie skadelik is vir sy/haar gesondheid nie. Artikel 25 bied aan elke burger die reg op eiendom. Artikel 30 gee die reg aan elke Suid-Afrikaner om sy/haar kultuur uit te leef en om sy/haar taal te praat. Dit mag egter nie gedoen word op 'n manier wat nie in lyn is met die Handves van Menseregte nie (Kleyn & Viljoen, 2002).

Hierdie is die menseregte wat die toepaslikste is vir die doeleindes van hierdie gids. Omdat dit dalk vir mense sonder 'n regsagtergrond moeilik kan wees om hierdie regte te onthou, het ons 'n grafiese voorstelling saamgestel om julle te help om hierdie regte te onthou. Hierdie voorstelling vereenvoudig hierdie regte verder deur elkeen van hulle te koppel aan grondwetlike waardes, naamlik vryheid, menswaardigheid en gelykheid, wat die basis vorm van die demokrasie in Suid-Afrika. Dit is ook belangrik om daarop te let dat dit dieselfde waardes is as die

waardes wat opgeneem is in die NWU Menseregtebeleid (wat ons almal bind) en wat onder die volgende punt bespreek sal word.

Hoe is menseregte van toepassing op my en jou?

Suid-Afrika het 'n regime van die oppergesag van die Grondwet. Dit beteken dat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 die hoogste gesag in die land is en die hoogste wet wat van toepassing is op jou en my. In artikel 2 van hierdie Grondwet word dit gestel dat enige wet of handeling (deur my of deur jou of deur enige ander struktuur) wat nie in lyn is met die Grondwet nie beskou sal word as ongeldig en ongrondwetlik. Artikel 2 lui ook verder dat alle Suid-Afrikaners (weer eens, ek en jy ook) gerig word deur die Grondwet en daarom wetlik gebonde is daardeur en verplig om ons te onderwerp aan die bepalinge daarvan.

Aangesien dit die hoogste gesag in Suid-Afrika is, is dit die ideale dokument om te gebruik as menseregte wil bevorder en beskerm. Die Handves van Regte (Hoofstuk 2 van die Grondwet), waarin alle menseregte beskerm word, word beskou as die hoeksteen van die Suid-Afrikaanse demokrasie (Currie & De Waal, 2001). Artikel 8(2) maak verder voorsiening daarvoor dat die regte in die Handves erken en gerespekteer word in die alledaagse omgewing – en dit maak menseregte direk relevant tot die wyse waarop interaksie tussen mense gerig word.

Met verwysing na menseregte sou enige land dink dat die ideale staat die een is waar 'n menseregtekultuur in plek is en almal se menseregte gerespekteer word. In Suid-Afrika is dit beslis die geval. In Artikel 184 (1)(a) bevestig die Grondwet dat 'n menseregtekultuur gevestig moet word en dat respek vir menseregte bevorder moet word. Dit is 'n waardige doelwit, en vir die land om dit reg te kry is dit belangrik vir ons, as deel van die universiteitsgemeenskap, om eienaarskap te neem van hierdie idee en om maatreëls in plek te stel om te kan groei en te leer van 'n menseregtekultuur.

Die Noordwes-Universiteit het alreeds eienaarskap geneem van hierdie idee en het reeds 'n Menseregtebeleid in plek wat deur personeel en studente onderskryf word. Hierdie beleid stipuleer dat al die fundamentele waardes en regte wat in die Grondwet opgeneem is onderhou en gerespekteer moet word binne die universiteitsgemeenskap. Hierdie beleid stel verder dat hierdie menseregte nie in isolasie beskou moet word nie maar onderliggend moet wees aan alle universiteitspraktyke en beleide. Daarom, met betrekking tot die Handves van Menseregte, is die hele NWU-gemeenskap ook gebind deur die Menseregtebeleid van ons universiteit.

Menseregte en ontgroening.

Noudat menseregte mooi uiteengesit is, kan ons meer uitvoerig kyk na die bekende uitdaging in ons eie midde wanneer dit kom by ons pogings om 'n menseregtekultuur te onderhou, naamlik ontgroening. In die saak van **EB v Creecy NO (2010)** is 'n leerder verkies as onderhoofseun van 'n prominente Afrikaans-medium hoërskool in Krugersdorp. Voor hulle formele inhuldiging is daar 'n sogenaamde "spanbou-oefening" gehou vir die nuutverkose leierskapsgroep. Dit was inderwaarheid 'n ontgroeningsritueel. Die rede wat vir die hou van hierdie aksie aangevoer is, was dat die oefening sou bydra tot samehorigheid tussen die leerders. Die regter in die saak het die ontgroening wat plaasgevind het soos volg beskryf (**EB v Creecy NO, 2010**):

As history has shown these kinds of orientations more often than not become a spectacle of that which would only satisfy those with a distorted sense of 'fun' and 'enjoyment' and, for that matter, 'bonding'. This initiation was no exception: it was marked by unruly and rowdy behaviour probably much to the delight and amusement of the onlookers but unfortunately so, to the dismay and humiliation of the victims. Uit die beskrywing van die regter in hierdie saak is dit duidelik dat die menswaardigheid, gelykheid en vryheid van die leerders aangetas is deur die oefening. Om dit meer prakties te maak – ons kan elkeen van die betrokke grondwetlike waardes neem en dit toets teen die gegewe feite. Hierdie leerders is verneder, en daarom is hulle menswaardigheid afgebreek. Daar was 'n groep meer senior leerders in beheer van die geleentheid en wat die betrokke leerders behandel het op 'n manier wat 'n negatiewe impak gehad het op hulle menseregte (byvoorbeeld die reg op gelykheid). In die laaste instansie is hulle reg op vryheid aangetas, veral die reg op vryheid en die veiligheid van hulle persoon, aangesien hulle verplig was om deel te neem aan 'n vernederende aktiwiteit.

Belang vir my en jou

Baie dikwels verwelkom studente in 'n koshuis nuweling op so 'n manier dat hulle "gevorm" word binne 'n sekere etos of kultuur. Dit word dikwels gedoen omdat mense glo dat as hulle saam ly, hulle meer effektief saamspan (oftewel "bond"). Soos blyk uit die beskrywing deur die regter is dit nie die regte manier om dinge te doen nie, en is dit inderwaarheid 'n aanslag op menseregte. Verdere en meer spesifieke voorbeelde sal onder die volgende punt verskaf word, en wat belangriker is, die gevolge van sulke soort aanslae sal gelys word.

Wat is die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie se perspektief op oortredings deur ontgroeningspraktyke?

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie is geskep in terme van hoofstuk 9 van die Grondwet as 'n instelling wat hoofsaaklik die verantwoordelikheid het om die Grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika te bevorder en in stand te hou. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie is van mening dat die omstandighede van elke insident die reg wat aangetas word sal bepaal (SAHRC, 2001:13). Dit is egter so dat alle ontgroeningspraktyke dieselfde uitwerking het, naamlik om studente te verneder en ondergeskik te stel – soms beide geestelik en fisiek (SAHRC, 2001:16). Dikwels moet studente deelneem aan praktyke of geleenthede bloot omdat dit lankal 'n tradisie is. Die realiteit is egter dat ons nou al vir meer as twee dekades in 'n Grondwetlike demokrasie leef, en ons moet weer kyk na praktyke en dit aanpas by die huidige wetlike situasie.

Hierdie stelling het betrekking op alle praktyke wat uit die verlede geneem word en ook praktyke wat vir die toekoms beplan word. Dit is daarom belangrik om voorbeelde te verskaf van menseregte-aantastings binne die ontgroeningskonteks om mense in staat te stel om sulke risiko's te sistap en om te help om aksies nog verder te evalueer.

Voorbeelde van aantastings van menseregte.

In 2001 het die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie 'n ondersoek gelas na ontgroeningspraktyke by onderwysinstellings na aanleiding van 'n versoek deur die Minister van Onderwys, wyle prof Kadar Asmal. Die minister het hierdie versoek aangevra op grond van verskeie klagtes wat ontvang is na die tragiese dood van 'n student tydens een van hierdie soort rituele. Sommige van die voorbeelde van ontgroening is geneem uit die

verslag van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie en sal gebruik word om aantastings van menseregte te illustreer (SAHRC, 2001:4-6). Ander voorbeelde word geneem uit regspraak en relevante bronne sal ook oorweeg word. Dit word weer eens gedoen met die gebruik van die drie kernwaardes van die grondwet en die aantastings sal telkens terugkoppel na die relevante waardes. Die gevolge van sulke handeling sal afsonderlik behandel word na die voorbeelde bespreek is. Neem kennis dat hierdie gids nie inligting oor name van plekke, ensovoorts verskaf nie omdat sulke inligting konfidensieel is. Die voorbeelde word ook gebruik sonder vooroordeel.

Studente word wakker gehou en word verplig om name van senior studente te memoriseer

Die eerste voorbeeld is 'n klagte deur 'n eerstejaarstudent wat kla dat sy van slaap ontnem word deur huiskomitee lede en senior studente. Studente is deurlopend deur die nag geroep na "vergaderings" en verplig om die name van senior studente te leer en daarvoor toets te skryf (SAHRC, 2001:6). Volgens die klagte het hierdie optrede eerstejaars daarvan weerhou om akademies goed te presteer. Hierdie soort tradisie ontnem studente dus van hulle vryheid. Deur 'n persoon wakker te hou word sy/haar vryheid en veiligheid aangetas – terwyl dit juis gewaarborg en beskerm word in Artikel 12 van die Grondwet.

Belang vir my en jou

Enige aantasting van menseregte kan lei tot vervolging. Indien 'n student wakker gehou word of verplig word om iets teen sy/haar sin te doen, en hierdie handeling kom neer op 'n aantasting van hulle menseregte soos blyk uit hierdie voorbeeld, sal die staat 'n saak teen jou hê en kan jy as individu vervolgt word in 'n hof.

Verf van studente en aflaai van studente wat dan moet terugstap dorp toe.

In Februarie 2001 is 'n tweedejaarstudent oorlede tydens 'n ontgroeningsritueel van 'n koshuis. Die ritueel het ingehou dat alle tweedejaars hulle hare moes afskeer. Hulle is toe heeltemal geverf, en iewers buitekant die dorp afgelaai en aangesê om terug dorp toe te stap. Tydens hierdie ritueel is een student deur 'n motor raakgery en is hy dood (SAHRC, 2001:6). Hierdie stel feite omvang 'n hele aantal aantastings. Mens kan begin deur te kyk na die verandering van voorkoms van die studente. As 'n persoon word jy grondwetlik beskerm teen aantasting en veiligheid van jou persoon. Afgesien van die spesifieke regte wat aangetas word, is die hele waarde van vryheid hier in die gedrang. Die vryheid van hierdie studente is verder aangetas deurdat hulle vervoer is en moes terugstap. Die verweer wat gewoonlik aangebied word, is die vrywillige aanvaarding van risiko. Dit sal verder onder die punt van aanspreeklikheid bespreek word.

Belang vir my en jou

Enige aantasting van menseregte kan vervolgt word. Die student in beheer van aksies soos hierdie kan regtens vervolgt word omdat die handeling wat uitgevoer word nie die beperking van ander se vryheid regverdig nie. Artikel 36 van die Grondwet kyk na die moontlikheid van die beperking van regte. Dit moet gesien word as 'n balansering tussen die reg wat beperk word en doel of oorsaak van die beperking van hierdie spesifieke reg

Aanranding

Baie van ons dink dat aanranding net manifesteer as een persoon deur 'n ander geslaan word (dus fisiek). Dit is inderwaarheid net 'n klein deeltjie van die oortreding. Mens kan skuldig bevind word aan aanranding vir die kleinste rede, volgens die de minimis reël wat in hierdie soorte sake gebruik word. Geweld kan direk of indirek toegepas word, en albei vorms sal in samehang met relevante voorbeelde bespreek word (Snyman, 2006:432).

Stamp en stoot van studente

As een student gestamp of rondgestoot word deur 'n ander student, byvoorbeeld waar 'n huiskomiteelid 'n eerstejaar stamp wat nie sy instruksies uitvoer nie, is dit direkte geweld en is dit dus aanranding. In die geval van Herbert (10 CTR 424) het die hof die beskuldigde skuldig bevind op aanklag van aanranding omdat hy die klaer se keps van sy kop af geklap het sonder sy toestemming (Snyman, 2006:433).

Slaan van medestudente met kiere of enige ander objek

Indirekte toediening van geweld kom voor wanneer een persoon 'n instrument gebruik om mag oor iemand anders se liggaam uit te oefen, byvoorbeeld deur hulle te slaan of voorwerpe na hulle te gooi. Praktiese voorbeelde wat in die strafreg genoem word sluit in wanneer een persoon 'n stoel wegtrek wanneer iemand daarop wil sit en veroorsaak dat die persoon op die grond val of om op iemand te spuug of 'n glas water of bier oor hom uit te gooi (Snyman, 2006:434). Selfs al sou sulke handeling nie die klaer beseer het nie, is die vereistes vir die daarstelling van 'n aanrandingsaak teenwoordig – maak nie saak of die klaer beseer is of nie.

Belang vir my en jou

Indien 'n student gestamp of rondgestoot word, geslaan word of met 'n voorwerp gegooi word, kan hy of sy 'n aanrandingsaak open teen die oortreder. Dit beteken dat jy as individu krimineel vervolgt kan word in jou persoonlike hoedanigheid. Afhangende van die aanklag teen jou kan 'n skuldigbevinding lei tot tronkstraf en/of 'n opgeskorte vonnis sowel as 'n boete. Dus, as jy skuldig bevind sou word, sit jy vir die res van jou lewe met 'n kriminele rekord.

Intimidasie van mede-studente

Artikel 1(1) van die Wet op Intimidasie (72 van 1982) lui dat 'n persoon aanspreeklik gehou kan word op 'n klag van intimidasie indien hy of sy optree op 'n manier wat 'n ander individu of 'n groep laat vrees vir hulle eie veiligheid, insluitende die veiligheid van eiendom. Dit is dus onwettig om op 'n spieël in die koshuis te skryf "ons soek jou bloed" of "more gaan jy wens jy het meer gebid". Hierdie soort handeling het geen ander doel as om te intimideer en bang te maak nie. Dit tas die reg op vryheid aan en skep vrees want die student moet saamwerk as gevolg van die intimidasie en nie uit vrye keuse nie.

Belang vir my en jou

Intimidasie word nie bepaal deur jou insig of interpretasie van jou eie handeling nie, en ook nie dié van ander seniors nie. Dit word bepaal deur die gepersipieerde gevolge van jou handeling deur die groep op die persone wat na bewering die intimidasie ervaar.

Vir 'n huiskomiteelid wat in 'n amptelike hoedanigheid optree, sal die gevolge en prosedures in meer detail hieronder bespreek word.

Voorbeelde van aanspreeklikheid

Die realiteit van moontlike vervolging en aanspreeklikheid vir eie handeling word dikwels vergeet. Die volgende voorbeelde dui aan tot watter mate ons, as lede van die NWU-gemeenskap, aanspreeklik gehou kan word vir ons handeling sou sulke handeling neerkom op 'n aantasting van regte in sekere feitlike situasies.

Die eerste voorbeeld is **S v Van der Merwe (2011)**. Studente is aanspreeklik gehou in hulle persoonlike hoedanigheid vir crimen injuria (die onwettige en doelbewuste aantasting van die waardigheid of die privaatheid van 'n ander persoon). Studente van 'n universiteit, wat in konflik was met die integrasiebeleid van die universiteit, het swart personeellede blootgestel aan verskeie ontgroeningsrituele. Hierdie handeling, gepaardgaande met skelname, het 'n saak van crimen injuria tot gevolg gehad aangesien die handeling van sulke studente die waardigheid van die personeel aangetas het. Hierdie studente is dus blootgestel aan dissiplinêre optrede deur die universiteit sowel as 'n kriminele klag in die hof. Die studente is beboet en is ook 'n opgeskorte vonnis van een jaar opgelê. Hulle is ook permanent uit die universiteit geskors. Dit beteken dat hierdie soort handeling as so ernstig beskou word dat die staat teen jou kan optree, en indien jy skuldig bevind word, het jy 'n kriminele rekord vir die res van jou lewe. Dit is van toepassing op alle studente, aangesien jy 'n Suid-Afrikaanse burger is en deur Suid-Afrikaanse wetgewing gerig word.

Indien mens kyk na die posisie van 'n huiskomiteelid, is daar nog 'n vorm van aanspreeklikheid wat belangrik is. Dit is waar iemand anders of 'n instelling aanspreeklik gehou kan word vir handeling deur 'n ander individu as gevolg van die teenwoordigheid van 'n soort verhouding tussen die twee partye. Byvoorbeeld kan die universiteit soms aanspreeklik gehou word vir die handeling van 'n huiskomiteelid. Die beste illustrasie en die mees toepaslike een kan gevind word in die saak van **Gibbens v Williams, Muller, Wright & Mostert Ingelyf en andere (1987)**. In hierdie geval was daar 'n ontgroeningsritueel waar eerstejaarmans verplig is om in 'n modderbad te duik. Die aksie het plaasgevind met die goedkeuring van die huisouer en onder die toesig van die huiskomitee. Hierdie ontgroening, ritueel of tradisie, soos dit in hofstukke beskryf is, het deel gevorm van die goedgekeurde inlywingsprogram vir koshuise. Hierdie program was deel van die formele program vir verwelkoming en oriëntering van eerstejaars van die universiteit. Om te bepaal of 'n skadevergoedingseis kon slaag, het die hof die verhouding tussen die universiteit en 'n huiskomiteelid ontleed.

Die eerste argument wat aangevoer is, was een van vrywillige aanvaarding van risiko. Daar is aangevoer dat die studente deelgeneem het aan 'n modderbad duik seremonie terwyl hulle geweet het wat die gevolge kon wees en ook dat dit nie verpligtend was om dit te doen nie. Die hof was egter van oordeel dat:

...the circumstances that the group of first years found themselves in, where it was expected of them to play along with the whole process of initiation and to subject themselves to the authority of the senior students, it is hardly conceivable that the plaintiff could deviate from the order to go through the mud bath.

As mens dit in aanmerking neem, saam met die demokrasie van Suid-Afrika wat gebaseer is op Menswaardigheid, Gelykheid en Vryheid, is dit nie moontlik om te aanvaar dat 'n student vrywilliglik die risiko van moontlike vernederende handeling aanvaar het nie. Onthou, menseregte kan nie opgegee word nie, en 'n verdediging gebaseer op vrywillige risiko-aanvaarding ontnem 'n persoon nie van sy menseregte nie.

Die hof het verder gegaan en bepaal of daar moontlik 'n werkgewer/werknemer verhouding tussen die universiteit en 'n huiskomiteelid kon wees. Die hof het bepaal, met die nodige gesag, dat vier faktore nodig is om te bepaal of so 'n verhouding wel bestaan. Al vier hierdie faktore sal bespreek word om ons in staat te stel om te bepaal of die universiteit ook aanspreeklik gehou kon word vir enige handeling uitgevoer deur 'n huiskomiteelid.

1. Kontraktuele ooreenkoms

Sekere vereistes word uiteengesit in die reglemente vir koshuise wat die verkiesingsproses rig en wat dien as 'n kontrak tussen die huiskomiteelid en die universiteit. Aangesien hierdie dokument 'n goedgekeurde universiteitsdokument is, moet die huiskomiteelid by aanvaarding van die amp homself of haarself ondergeskik stel aan die gesag daarvan. Dus is daar 'n kontraktuele ooreenkoms in plek.

2. Beheer

Die huiskomitee staan onder die voorsitterskap van die primaria of primarius van die koshuis en rapporteer aan die huisouer. Die huisouer rapporteer aan die Direkteur: Studentelewe, en die direkteur aan die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe. Daarom kan huisouers en huiskomiteeledes gesien word as 'n uitbreiding van die universiteitsbestuur. Sekere pligte word toegeken aan bestuur, en hierdie pligte kan gevind word in die koshuisreglement en daarmee word die relevante of verwagte beheer daargestel.

3. Vergoeding

Daar sal slegs vergoeding van een of ander aard betaal word wanneer sekere pligte nagekom word. Die feit dat huiskomiteeledes vergoeding kry bevestig die eerste en tweede punte en herbevestig die werkgewer/werknemer verhouding.

4. Ontslag

Die hof bevind dat die finale vereiste was dat dit in die mag van die universiteit moes wees om 'n huiskomiteelid te ontslaan. Dit is duidelik uit die dissiplinêre reëls dat dit binne die magte van die universiteit val en dat baie voorbeelde van ontslag van huiskomiteeledes gelys kan word. Die bevinding van die hof in die betrokke saak was dus dat die universiteit aanspreeklik gehou moes word vir al die skade wat gely is en wat gebeur het onder die toesig en as gevolg van die nalatigheid van die huiskomiteelid.

Belang vir my en jou

Die les wat ons hieruit kan leer is dat 'n huiskomiteelid as 'n werknemer van die universiteit beskou kan word. Dit impliseer dat waar die huiskomiteelid optree in sy/haar amptelike hoedanigheid, die universiteit aanspreeklikheid het vir hierdie handeling. Wat die relevansie hiervan vir die huidige gids is, is dat die les nie hier ophou nie. Ons moet onthou dat omdat die huiskomiteelid beskou kan word as werknemer van die universiteit, die universiteit as werkgewer skadevergoeding kan eis van die werknemer as gevolg van skade wat ontstaan oor nalatige optrede. Dieselfde is van toepassing op huisouers.

Gevolgtrekking

Die wet maak 'n integrale deel uit van ons daaglikse lewens. Soos genoem in die inleiding moet ons nie net onself daarby neerlê nie maar ook daarop kan vertrou. Menseregte is dus nie bloot 'n onderwerp of 'n stelling wat soms van toepassing is nie. Dit is prakties en teenwoordig in die alledaagse lewe en die praktiese voorbeelde in hierdie gids maak dit hopelik nog duideliker. Dit verskaf ook relevante inligting om jou te help om jou handeling en tradisies aan te pas. Vir Suid-Afrika om 'n nasie te word waarbinne 'n menseregtekultuur gevier kan word, moet individue soos ek en jy altyd daarna streef om van die NWU-gemeenskap 'n mikrokosmos te maak deur gidse soos hierdie te internaliseer en te gebruik.

Met dank vir die hersiening van hierdie dokument aan dr Leon Wessels, regsgeleerde en vooraanstaande Suid-Afrikaanse menseregtekenner.